PAARL-SKOOL

KOSHUISPROSPEKTUS

PAARL-SKOOL KOSHUISPROSPEKTUS

Dit is vir ons aangenaam om u seun / dogter by ons koshuis te verwelkom. Ons vertrou dat sy/ haar verblyf aangenaam en voorspoedig sal wees en dat daar eendag met mooi herinneringe na sy/haar koshuisjare teruggekyk kan word.

Om verwarrings en misverstande uit te skakel, versoek ons vriendelik dat u die inhoud van hierdie inligtingstuk baie deeglik sal bestudeer en bewaar vir terugverwysing. U is meer as welkom om vrae te vra indien iets vir u onduidelik is.

1. INDELING EN TOESIG:

Paarl-skool beskik oor ‘n koshuis met afdelings vir seuns en dogters. Die koshuis staan onder beheer van ‘n superintendent wat saam met die opvoeders- en huishoudingspersoneel verantwoordelik is vir die gladde funksionering daarvan.

2. LEERDERS OP BUSROETES: -TOELATING:

Leerders wat ver woon en nie op ‘n busroete is nie, kwalifiseer om tot die koshuis toegelaat te word. In uitsonderlike gevalle kan leerders op ‘n busroete, ook toegelaat word, op voorwaarde dat hulle vir eersgenoemde leerders moet plek maak indien omstandighede dit vereis.

3. WASGOED:

Leerders se klere kan in die waskamer gewas word, teen ‘n weeklikse tarief (inligting beskikbaar by die finansiële kantoor), wat streng vooruitbetaalbaar is. Voorsien asseblief ‘n gemerkte wasgoedsak. Dit is belangrik dat **alle** koshuisleerders se klere duidelik gemerk is.

4. MAALTYE:

Drie gebalanseerde maaltye word daagliks voorsien in ‘n gemeenskaplike eetsaal.

5. STUDIE:

Leerders word volgens hul grade in studiegroepe ingedeel en gaan na verskillende lokale waar personeellede hulle met tuiswerk bystaan. Leerders van Graad 5 en ouer studeer ook saans vir ‘n addisionele uur.

Studietye 14:15 – 15:15 (junior en senior leerders)
19:00 – 20:00 (senior leerders)

6. ONTSPANNING:

Daar is ‘n ontspanningskamer met ‘n televisiestel en DVD-masjien waar daar na goedgekeurde programme gekyk word. In die ontspanningskamers kan koshuisgangers ook deelneem aan bordspele, na musiek luister, lees, snoeker speel, ens. Gedurende die somermaande word daar namiddae heerlik in die skool se swembad baljaar. Verder streef ons ook daarna om al ons leerders bloot te stel aan fisiese aktiwiteite soos stap en balspeletjies soos sokker, krieket, ens. Ons fisies-gestremde leerders word namiddae onder toesig van ‘n inwonende fisioterapeut blootgestel aan ‘n program wat fisiese aktiwiteite behels.

7. ALGEMENE INLIGTING VIR NUWE KOHUISLEERDERS

7.1 PERSONEEL:

7.1.1	Koshuishoof	Mnr. S. Kruger
7.1.2	Superintendent:	Mnr. F. Coetzee
7.1.3	Onderwysers:	B. Wolhuter T. Koch R. van Dijk H. van der Merwe
7.1.4	Fisioterapeut	C. da Rocha
7.1.5	Huishoudingstoesighouers:	E. Shultz M. Flint

7.2 TELEFOONNOMMERS

Paarl-skool:	(021) 981 5555
Superintendent:	(021) 981 0628
	083 250 7740
Publieke kaartfoon:	(021) 981 1028
Muntfoon: Buite seunskoshuis:	(021) 981 1069

7.3 LOSIESGELD:

Vir inligting skakel die finansiële kantoor.

Maandeliks: Losiesgelde word oor 10 maande versprei. Losiesgeld is streng vooruitbetaalbaar en indien daar nie by hierdie reëling gehou word nie, sal sodanige leerder ongelukkig die voorreg tot koshuisinwoning verbeur.

Sou u enige probleme ondervind om die losiesgeld te betaal, is u welkom om dit skriftelik onder ons aandag te bring of ‘n afspraak met die skoolhoof te maak.

7.4 NAWEKE:

Alle koshuisgangers MOET teen 17:00 afgehaal word en Sondae nie vroeër as 17:00 teruggebring word nie. Ouers moet hulle selfoonnommers verskaf sodat ons dit op die Gatekeeper program kan registreer. Dit beteken dat toegang tot die hek by die koshuis verkry kan word tussen 13:45-17:00 op ‘n Vrydag en 17:00-20:00 op ‘n Sondag deur ‘n kostelose oproep te maak na **079 529 6479.** Indien u werksverpligtinge u nie toelaat om by hierdie tye te hou nie, is dit u verantwoordelikheid om vroegtydig alternatiewe vervoerreëlings te tref. U samewerking in die verband word hoog op prys gestel. Indien u, u kind na 17:00 kom afhaal sal u ongelukkig ‘n boete van R20 per uur (of deel daarvan) moet betaal. Leerders moet reeds fisies versorg (gebad, hare gewas en gevleg asook naels skoon en geknip) wees wanneer hulle Sondagaande of Maandagoggende terugkeer koshuis toe.

7.5 LEERDERBESONDERHEDE:

Voltooi die lys van besonderhede aangaande ouers en leerlinge en handig by die superintendent in.

7.6 AFHAAL VAN LEERDERS

Voltooi die lys van persone wat u kind mag kom haal op ‘n Vrydag en handig by superintendent in. (Indien ‘n persoon se naam nie op die lys verskyn nie, moet u telefonies toestemming gee.)

Geen leerder sal toegelaat word om tydens die skoolweek die koshuis te verlaat nie, tensy die ouer met die superintendent (083 250 7740) of skoolhoof ‘n reëling tref.

7.7 MERK VAN KLERE

Sorg dat alle klere gemerk is. Gebruik asseblief naamstrokies wat vasgewerk word. Merkpenne en strokies wat vasgestryk word is nie geskik vir sokkies nie.

7.8 SAKGELD

Vir snoepie, klasuitstappies, koekverkopings ens. Handig asseblief by onderwyser aan diens in (junior leerders). Dit sal deur die verantwoordelike onderwyser bestuur word.

7.9 SNOEPERY

Handig by huismoeder in (junior leerders). Moenie te veel lekkernye (soetgoed) saamstuur nie. Ons moet saam met u ons leerders (veral die fisies gestremdes) se gewig deurlopend monitor.

7.10 MEDIKASIE

Handig by die toesighouer. Alle aanwysings moet duidelik op medikasie aangedui word. Indien medikasie aangepas word, moet dit deurgegee word aan die skool en koshuis!

7.11 BEDDEGOED

Leerders is verantwoordelik om hul eie duvet, kombers, kussing en sloop te bring. Indien daar ‘n probleem is kan die koshuis dit voorsien.

7.12 TOILETBENODIGHEDE

Waslap, handdoek, tandeborsel, tandepasta, sjampoe, seep en ‘n borsel en/of kam, ens is verpligte noodsaaklikhede. Die skool kan dit nie voorsien nie.

7.13 KLERE

Genoeg gemaklike klere, swembroek, nagklere en pantoffels of iets soortgelyks wat gedra kan word nadat hulle gebad het.

7.14 SELFOON

Mag slegs gedurende vrye tyd (**nie** skool, studie, eetsaal of slaaptyd) gebruik word. **Die koshuis neem geen verantwoordelikheid vir die breek of verloor daarvan nie.**

7.15 SPEELGOED

Moet liefs nie speelgoed saamstuur nie, aangesien koshuispersoneel nie verantwoordelikheid daarvoor kan aanvaar nie.

7.16 BELANGRIKE TYE

Opstaan	:	06:30
Inspeksie	:	07:00
Ontbyt:	:	07:05
Middagete	:	Tweede pouse
Gestremdes Badtyd	:	14:00 – 15:00
Studietyd	:	14:15 – 15:15 (alle leerders) en 19:00 – 20:00 (senior leerders)
Ontspanningstyd	:	15:30 – 16:45 en 17:30 – 20:00 (junior leerders)
		15:30 – 16:45, 17:30 – 19:00 en 20:00 – 20:50 (senior leerders)
Aandete	:	17:00
Badtyd	:	19:00 (junior leerders)
Badtyd	:	20:30 (senior leerders)
Godsdiens**/stiltetyd**	:	20:50
Slaaptyd	:	20:00 (junior leerders)
		21:00 (senior leerders)

Ouers is welkom en word trouens aangemoedig om hul kinders gereeld te bel, solank dit net nie gedurende studietye, aandete, ‘n godsdienstyd of na slaaptyd geskied nie.

7.17 SLOTTE

Leerders moet slotte vir hul klerekaste hê (verkieslik die kombinasie tipe aangesien sleutels te maklik verlore raak). Handig asseblief die duplikaat sleutels by betrokke koshuishoof in.